Rom12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag 30 Junie 2019

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Psalm 23 & Johannes 10:1-21*
Fokusverse: *Johannes 10:14*
Tema: *Jesus is die ware Herder!*

18:30 AANDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Kol 3: 22– 4:1*
Fokusverse: *Kol 3: 23*
Tema: *Die Here is eintlik ons werkgewer.*
Reeks: *Kol (no.13 /2019)*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE /

BYBEL- EN KOMBERSPROJEK

Die projek word vandag afgesluit deur die afdra van die Bybels en komberse by Angel Wings Care Centre wat 'n blanke "plakkerskamp" in Putfontein is.
Ons nooi u uit om deel te wees van die aksie en ons gaan nie net uitdeel nie so u moet bereid wees om in groepies vir die ontvangers 'n paar verse uit die Bybel te lees en na die oorhandiging 'n gebed te doen.
Belangstellendes kom in die binneplein by die kerkportaal bymekaar na die erediens en ons vertrek net na 11uur.
Ons bede is dat ons ook met hierdie aksie die seën van ons Here sal ontvang en ervaar.

Vir meer inligting praat gerus met Pieter en Heléné Venter na die diens.

KOINONIA

Ons dra die volgende lidmate op in gebed:

- Flippie Opperman is uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan. Hy ontvang steeds suurstof.
- Corrie van den Berg is in die intensiewe sorgeen heid na 'n buikoperasie. Daar was allerlei komplikasies en sy is tans op 'n ventilator.
- Gert Moller was in die Unitas hospitaal se ICU opgeneem, en ontvang behandeling vir asma en hartaritmie.

Deel met ons jou vreugdes, hartseer en pyn.
Ons wil graag vir jou bid!
Stuur gerus 'n boodskap aan
polsslag@gkbenoni.co.za of
stuur 'n boodskap na 081 218 3048

GEMEENTE - NUUS

Voorgehou ter approbasie as ouderling:

- Br. Peet Muller vir wyk G3.

Met attestaat vertrek na GK Noord-Oosrand

- Hennie, Ella en Ida van Tonder.

TOERUSTING-GELEENTHEID

HOE HANTEER MENS LYDING?

Dr. Vorster Combrink (Pastorale berader) kom Toerusting by ons aanbied oor die sin van lyding en hoe om dit saam met God te hanteer.
Almal wat swaarkry, of familie en/of vriende het wat deur moeilike tye gaan, word genooi om hierdie geleentheid by te woon.
Wanneer: 14 & 21 Augustus 2019
Tyd: 19:00 - 21:00
Koste: R100 p/p vir albei geleenthede

RSVP asb. by Ina Bolt op 084 339 1136 voor 10 Augustus 2019.

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 30 JUNIE - 7 JULIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	
Vrydag	06:00	Manne gebedsgroep	Schalk van Eeden 082 561 9409
Sondag 7 Julie	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens	

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede week se antwoord: Rigters 8:17

" Hy het ook die toring van Pniël platgeslaan, en die mense van die stad doodgemaak. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius; Una Steyn; Elma Jansen; Jan Lubbe; Martie Gibson

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Toe het hy die wa laat stilhou. ???????? en die hofdienaar het albei in die water in die water ingegaan, en ???????? het hom gedoop. "

Vraag: Wie het die hofdienaar uit Etiopië wat op pad terug was gedoop nadat hy in Jerusalem aanbid het?

Lees gerus Handelinge en noem wie die hofdienaar uit Etiopië gedoop het en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Harry Salomons
Volgende week	Schalk Venter
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk E3
Volgende week	Wyk F31 olv Lize Calitz

VERJAARSDAE 30 Junie– 6 Julie

BAIE GELUK AAN ALMAL MET HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK! MAG DIT 'N GESEËNDE LEWENSJAAR WEES.

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
30/06	Felicty van Wyk * Minette Louw	072 424 1403 079 627 2945
1/07	Erika Vorster Johan Pretorius	072 612 1572 083 378 5264
2/07	Franco Reichman Jonene Duvenhage Marianne Rossouw Robert Rencken	074 833 9962 073 233 5878 072 529 7489 083 225 5384
3/07	Allistair Hector ☺ Hein Keyser Laetitia van Wyk Neels Janse van Rensburg	 082 210 4389 082 376 9175 082 065 3989
4/07	Kurt Reichman	078 459 9555
5/07	Gretha Visser Hannalie Brits Joanie Joubert	060 526 8469 083 260 3601 079 878 6346
6/07	Amoré van der Merwe ☺ Inéz Marx	

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

KAN JY ONTHOU . . . . ???

In aanloop van die 10-jaar samesmelting- feesvieringe wat DV Saterdag 27 Julie plaasvind deel ons graag hierdie lekkerlees-artikel.

BENONI GEMEENTE (DEEL 2)
INA BOLT

In Maart 1998 word proponent Louw Venter in Benoni bevestig. Hy, sy vrou Myrtle en hul klein seuntjie Schutte. Vir ons as gemeente was dit iets nuuts om so 'n jong predikantspaar in ons midde te hê. Ds. Louw het sommer vinnig na sy bevestiging met ons weeklikse blaadjie die POLSSLAG (wat vandag nog ons weeklikse blaadjie is) begin. Daarin was die liturgie vir die Sondagoggend en -aand, 'n bybelstudiegids vir die week, meelewing en gelukwensings, verjaarsdae vir die week en aktiwiteite wat sou plaasvind gedurende die maand. Die Polsslag is dus al 21 jaar en drie maande oud.

In die Polsslag van Februarie 2000 was daar 'n vriendelike versoek van die kerkraad dat die susters tydens nagmaal sou seker maak dat hulle lipstiffie gebruik wat nie op die beker sal afgee nie. As dit wel sou gebeur, moes die suster sorg dat die beker skoon is voordat die persoon na haar die wyn ontvang.

Myrtle moes ook as groentjie in 2000 haar eerste sustersaamtrek reël saam met toe Benoni-Noord en Delmas. 'n Woeste, deurmekaar tyd vir haar dink ek, maar sy het dit met lof hanteer.

In Junie 2000 kry ons toe die skokkende nuus dat ds. Louw die bediening sou verlaat om oor te gaan tot 'n ander staat van lewe. Ons was baie verslae oor die nuus en moes toe nou maar na 'n kort tydjie weer afskeid neem van ons predikant.

Hierna kom die dierbare emeritus ds. Kosie de Klerk ons help in die gemeente, tot met sy dood ongeveer 'n jaar later.

Gedurende hierdie amper 2 jaar van vakant wees, was daar baie besoekende predikante wat ons uitgehelp het. Van oraloor was hulle bereid om 'n diens te kom waarneem.

Die kerkraad besluit toe na vele oorwegings, dat ons wel weer moet beroep. Dr. Braam Kruger is op 13 April 2002 in ons gemeente bevestig. Hy, Donsie en hul drie kinders Christine, André en Emmie. Tot op hede is Dr. Braam nogsteeds ons herder en leraar. Onder sy herderskap het die gemeente weer 'n hele nuwe groei beleef.

Tydens hierdie jare met Dr. Braam is vir die eerste keer kelkies gebruik tydens nagmaal. Lidmate moes wel aansoek doen by die kerkraad as hul kelkies wou gebruik.

Nog 'n eerste hier was die verkiesing van vroue in die diakenamp. Gusta Botes, Christa Venter (nou Roux), Ina van Eeden en ek was die eerste vroulike diakens in die Benoni gemeente.

Nog 'n eerste was die aanstelling van 'n jeugwerker vir ons gemeente. Herman Klopper het die pos kom vul. Hy het groot moeite met ons jeug gedoen. Daar was Bybelstudies, uitstappies en funksies vir die jeug gehou.

In hierdie kerkgebou was dan ook die goeie Woordverkondigings. Die vreugde van troues en die doop van nuwe kleingoed. Die hartseer van siektes en die begrawe van geliefdes. Dan was daar ook die heerlike funksies wat gehou is by die kerk. Ons eie koor is begin onder leiding van Tarina van der Merwe wat tydens Pinkster- en Kersangdienste opgetree het. En hier moet ek ook erkenning gee aan Actonville wat ook met hul eie koor kom sing het onder leiding van Chrissie wat hul hiermee gehelp het. Dit was altyd baie spesiaal.

Toe kom die onderhandeling oor samesmelting van Benoni en Benoni-Noord. Dit was maar 'n moeilike tyd vir 'n klomp lidmate van die Benoni gemeente. Van die lidmate was daarvoor, en lidmate was daarteen.

Na 16 jaar in die Farrarmere gebou verhuis ons na die Benoni-Noord kerkgebou. Vir my en Evert was dit ons derde kerkgebou as koster, alhoewel hier as hulpkoster.

Na 28 jaar gee ons groot dank aan ons Hemelse Vader vir die liefde en tyd wat ons vir hierdie gemeente kon gee. 'n Iedere en elke lidmaat was en is vir ons spesiaal.

Liefde en groete
Evert en Ina

Liewe lidmaat van GK Benoni.

Die predikante doen graag huisbesoek by lidmate. Ons vra egter dat die gemeente kennis neem dat ons huisbesoek nie agtereenvolgens by al die wyke plaasvind nie, maar dat die volgende riglyne gebruik word om te bepaal waar daar huisbesoek gedoen word:

1. Wanneer lidmate 'n besoek versoek.
2. Wanneer die predikante bewus is van 'n beproewing of aanvegting (siekte, ens.).
3. Wanneer daar nuwe lidmate of intrekkers aanmeld.
4. Wanneer spesifieke lidmate aangespreek moet word.
5. Daar word probeer om ouer lidmate wel van tyd tot tyd te besoek.

Jy kan jou wyksleier, blokouderling, die kerkkantoor of die predikante direk nader as jy 'n besoek wil hê.
Groetnis in Christus.
Braam & Rynhardt

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

Diens van Barmhartigheid

Ekum. London

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 23 JUNIE:

Diens van Barmhartigheid: R 6441
Kerkkas : R 2085

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid
Deurkollekte: Ekumenisiteit - London

Deurkollektes vir 7 Julie: Emeritaatsversorging

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F